VREDEFORT VIER VREDEVORS

# Honderde ruk op vir dorp se 2de kruistog

**Alet van der Walt**

Daar was Vrydagmiddag 'n gewydheid in Vredefort se strate toe meer as 2 000 mense, die meeste met houtkruise, Jesus se kruistog herdenk het.

"Die idee is gebore uit die gemeenskap se begeerte om Paasfees spesiaal te maak," sê past. Juan Greeff, 'n plaaslike boer en geestelike leier.

Die eerste kruistog is verlede jaar aangebied.

Greeff sê dié geleentheid is so goed ondersteun dat die organiseerders glad nie gereed was vir die groot getal mense wat dit bygewoon het nie. "Ons het 300 mense verwag, toe daag daar 1 500 op."

Mense het Vrydagoggend van die Vrystaat, Noordwes en selfs Gauteng na Vredefort gestroom om die kruistog op Goeie Vrydag by te woon.

Vanjaar is 'n tent met 1 500 stoele gehuur en op die dorp se rugbyveld opgeslaan.

Honderde mense het ook buite die tent byeengekom om aan die kruistog oor 3 km deel te neem.

Die staptog is voorafgegaan deur lofsang, waarna die stappers met hul houtkruise op die rugbyveld byeengekom het om 'n groot kruis te vorm.

Twee groot sierwaens, die een met 'n groot kruis en die ander met die leë "graf" waaruit Jesus opgestaan het, het voor die optog gery.

Agt stasies waar besonderse gebeure in Jesus se verhaal op simboliese wyse uitgebeeld is, is op die roete gebou.

Motorfietsryers, kinders in stootwaentjies en mense in rolstoele het aan die kruistog deur die dorp deelgeneem.

Gratis water is oral langs die roete uitgedeel om die stappers se dors op die sonnige herfsdag te les.



Die mense van Vredefort en 'n groot klomp besoekers neem Vrydag aan die kruistog deel en stap deur die dorp se strate. Foto: ALET VAN DER WALT



Engela Greef, Arthur Bester en Bester se kinders, Hertzog en Mary-Ann, almal van Vredefort, stap met hul kruise. Foto: ALET VAN DER WALT



Hannetjie van Zyl saam met die egpaar Anzel en Dolf van den Berg en hul kinders, klein Ingrid en Dolf junior. Foto: ALET VAN DER WALT


Greeff het in sy boodskap aan die kruistoggangers gesê almal glo in die kruis van Jesus en dat Paulus gesê het die kruis is vir diegene wat gered wil word deur die krag van God.

Vredefort se mense het hulle weke lank vir die spesiale geleentheid op Goeie Vrydag voorberei en onderskeidelik 44 000 en 35 000 blommetjies vir die sierwaens is onder meer met die hand gevou.

Adolf Greeff, 'n boer van Vredefort, het vyf ton teer geskenk waarmee hy en 'n span werkers slaggate op die roete gevul het.

Die staptog deur die dorp het weer geëindig by die sportterrein, waar elke stapper 'n spesiale sleutelhouer en 'n geseëlde houertjie met 'n stukkie nagmaalbrood en 'n slukkie rooiwyn gekry het.

Die geleentheid is afgesluit met die bediening van die nagmaal en samesang in die tent.



'n Lugfoto van die stappers wat 'n kruis op Vredefort se rugbyveld gevorm het voordat hulle Jesus se kruistog gedenk het met 'n staptog deur die dorp se strate. Die organiseerders "het 300 mense verwag en toe daag 1 500 op". Mense het Vrydag van oor die Vrystaat, Noordwes en selfs Gauteng na dié Vrystaatse dorp gestroom om Paasfees te vier. Foto: JOHAN OBERHOLZER



Sandstone Estate in die Oos-Vrystaat het weer die afgelope naweek sy Steam and Cosmos-fees aangebied. Die fotograaf James Attwell het dié foto vanuit 'n veteraanbus, die Bristol-bus geneem. Mense kon van Vrydag tot gister met die stoomtreine so 20 km ry deur die plaas, wat tans met kosmos bedek is. Foto: JAMES ATTWELL PHOTOGRAPHY

# Stoomtreine bied weer unieke blik op dié kosmoskleed

**Alet van der Walt**

Liefhebbers van stoomtreine en ander veteraanvoertuie kon weer oor die langnaweek die asemrowende Oos-Vrystaatse natuurtonele tydens die jaarlikse Easter Steam and Cosmos-fees geniet.

Besoekers ry met die stoomtreine deur die Sandstone Estate, wat gedurende die herfs in 'n kosmoskleed getooi is.

Mike Myers, een van die landgoed se direkteure, sê besoekers kon die naweek in die stoomtreinritte 'n roete van 20 km op die plaas ry.

"Mense geniet die ritte. Net op Saterdag het 1 600 mense met die stoomtreine gery," het Myers gesê.

Hulle het ook 'n uitgebreide museum waar 'n groot versameling treine, ou trekkers, busse, veteraanmotors, osseawens, militêre voertuie en antieke plaaswerktuie te sien is.

'n Span Afrikanerosse word ook ingespan sodat mense op die feeste kan sien hoe dié diere osseawens getrek het.

Rolprentmakers besoek ook gereeld die plaas vir tonele waarin ou vervoermiddels te sien is.

"Ons bewaar die verlede vir die toekoms," sê Myers. Hy sê stoomtreine word ook gedurende Ficksburg se Kersiefees gebruik.

James Attwell, 'n beroepsfotograaf wat daarin spesialiseer om erfenisvervoer af te neem, sê hy het in die landgoed se ou Bristolbus gery om foto's van die stoomtrein met sy passasiers te neem.

Hy sê hy neem al jare lank die stoomtreinritte op Sandstone af en oud en jonk word deur die ou treine bekoor.

"Oral waar jy gaan, sien jy mense wat glimlag en die ou treine en ander museumstukke geniet en waardeer," sê hy.

Attwell is die medestigter van Stimela Photographic Events, wat Suid-Afrika se vervoererfenis afneem en mense bewus maak van vervoermiddels wat nie deesdae nie meer te sien is nie.

Attwell sê Stimela is oop vir alle fotograwe en liefhebbers van die land se erfenis om sodoende bewusmaking van die land se kultuurskatte te skep.

Attwell reël geleenthede waartydens fotograwe foto's kan neem by museums en ander plekke waar ou rygoed uitgestal word.

# Sean du Preez van 'Trompie' was lief vir natuur, mense en lag

**Candice Jantjies**

Die ontslape akteur en kinematograaf Sean du Preez, wat lesers sal ken as Blikkies van die geliefde TV-reeks *Trompie en die Boksombende*, word onthou as slim, snaaks, vrygewig en 'n baie goeie pa.

Du Preez is Vrydag in die ouderdom van 57 dood ná 'n stryd met emfiseem. Hy het in Melville in Johannesburg gebly.


"Sean het 'n belaglik goeie sin vir humor gehad, was hoogs intelligent en regtig 'n interessante karakter. Mal oor lees, *avid birdwatcher* en *movie*-liefhebber," het Du Preez se suster Jeannine aan *Volksblad* gesê.

"Hy was tot die einde positief en hoewel hy geweet het dat hy naby aan die einde was, het hy homself nie bejammer nie, steeds vir homself gelag en net die beste vir almal toegewens. Hy het nie mense geoordeel nie. *Live and let live*. Ek het altyd opgekyk na hom as my vriend en rolmodel en dit was hy tot aan die einde van sy lewe."

Du Preez se ma, die sangeres Vicki du Preez, vind dit maklik om oor hom te praat omdat hy so 'n aangename kind was.

"Hy was 'n baie lieflike kind, soos die meeste seuns maar 'n bietjie stouterig, maar nie ongoddelik nie. Altyd 'n vriendelike persoonlikheid gehad. Hy was baie gelief. Ek kan nie aan iemand dink wat lelike goed van hom gesê het nie, behalwe miskien 'n paar onderwysers," onthou sy.

"Maar verder het ek goeie herinneringe. Toe hy begin siek word het, was dit 'n moeilike tyd, want 'n mens het letterlik gesien hoe sy gesondheid agteruit gaan. En hy was ook 'n baie, baie goeie pa. Hy het sy twee seuns baie goed grootgemaak."



Die akteur en kinematograaf Sean du Preez. Foto: MACIEJ ZENNON LACNY

Du Preez het drama aan die Universiteit van Pretoria studeer, waar hy sy jare lange vriendin Natania van Heerden ontmoet het, wat hom as "ongelooflik outentiek" beskryf. Sy het dit eens met Du Preez se suster Liza dat hy nie bang was om sy emosies te toon nie.

"Jy het geweet of hy van jou gehou het of nie, maar hy het nie baie vyande gehad nie. Baie, baie lief vir die natuur. Vrek slim. Hy het 'n ongelooflike sin vir humor gehad. En og! Hy was verskriklik emosioneel."

Hulle het veral die laaste ses maande verlore tyd ingehaal en Van Heerden beskou dit as 'n groot voorreg om in sy laaste dae te kon deel.

Liza sê: "Sean het 'n hart van goud gehad. Hy was die beste boetie in die hele wêreld en het my altyd spesiaal en gelief laat voel. Hy sou vir my enigiets gedoen het en niks was te veel moeite nie. Hy was altyd 'n *favourite* op 'n *party* en het 'n magnetiese persoonlikheid gehad. Almal was mal oor hom. Hy het sy hart op sy mou gedra en was nie skaam om openlik emosioneel te wees as iets vir hom mooi was nie.

"Ek mis hom reeds so baie. Daar is nie woorde nie. Ek is so lief vir hom en my hart is stukkend."

Du Preez is ook bekend vir rolle in ander TV-reekse soos *Legend of the Hidden City* en *Ballade vir 'n enkeling II*, asook flieks soos *Dada en die Flower*. Voordat hy te siek geword het om te werk, het hy *Ontbytsake* op kykNET se insetsels geskiet, sê Jeannine.

Hy word oorleef deur sy twee seuns, sy twee susters en sy ma.

Du Preez gaan veras word en sy susters sal na verwagting vandag met die reëlings begin.



Van links is Riaan Winter (Trompie), Sean du Preez (Blikkies), Ivan Snyman (Rooies) en Petrus Jooste (Dawie) van *Trompie en die Boksombende*. Foto's: FACEBOOK/SUID-AFRIKAANSE LEGENDES MUSEUM



Van links is die rolverdeling van *Trompie en die Boksombende*: Riaan Winter (Trompie), Petrus Jooste (Dawie), Ivan Snyman (Rooies) en Sean du Preez (Blikkies).

# Gestremde atlete van Noord-Kaap wys hul slag in kampioenskap

**Anena Burger**

Twee gestremde atlete van die Noord-Kaap het van 17 tot 23 Maart in Kaapstad op die nasionale kampioenskapsbyeenkoms van die Suid-Afrikaanse Sportvereniging vir Liggaamlike Gestremdes (SASAPD) gewys hulle het ware Noord-Kaapse murg en durf.

Zonian Bosman (19) en Willene Wiid (12) straal oor hul seges.

Willene, van Hopetown, het die stof in haar mededingers se oë geskop toe sy sewe goue medaljes verower en ook 'n paar rekords laat spat het.

Sy het goud in fietsry in die 1 000 m en 3 000 m, gewigstoot, spiesgooi, verspring, diskus en die 100 m-naelloop behaal en ook die rekords in ál die items behalwe die fietsry-items verbeter.

Dié lewenslustige meisie het op vyf jaar oud 'n beroerte gehad wat die regterkant van haar liggaam gestremd gelaat het, maar dit kry haar nie onder nie. Sy het ná die beroerte behandeling ontvang om weer die gebruik van haar geraakte voet en hand te herwin. Sy gebruik spalke omdat sy nie meer totale beheer oor haar ledemate het nie.

Van kleins af was Willene egter vasbeslote om 'n normale lewe te lei. "Daar is niks wat ek nie kan doen nie," sê die jong atleet.

Willene neem aan ballet, swem, fietsry en perdry deel.

"Sy wys ons elke dag dat jy enigiets kan doen as jy die wil en uithouvermoë het," sê haar trotse ma, Emmari.



Zonian Bosman (19) Foto: ANENA BURGER

Net 'n jaar gelede het Zonian nog op die sitkamermat van sy ouerhuis gelê en aan Volksblad vertel hoe dit sy grootste droom is om saam met die ander kinders in die straat te kan sokker speel. Hy wag steeds op 'n gespesialiseerde elektroniese rolstoel, wat deur dr. Zamani Saul, die Noord-Kaapse premier, aan hom beloof is toe pres. Cyril Ramaphosa hom in 2021 voor die munisipale verkiesing besoek het.

Zonian is intussen opgeneem in die Sally Aucamp-tehuis vir gestremdes, waar hy 'n klomp "nuwe maatjies" gemaak het. Hy is vanjaar die geleentheid gebied om deel te neem aan boccia, 'n aangepaste vorm van rolbal. "Ek is vroeër vanjaar na Bloemfontein genooi waar ek getoets is of ek aan die sport kan deelneem."

Dit is hier waar hy sommer ook gekwalifiseer het om aan die nasionale kampioenskapstoernooi in die Kaap deel te neem. Zonian vertel opgewonde hoe lekker dit vir hom was om die eerste keer die see te sien.

"Die water is net yskoud, maar dit was verskriklik lekker."

Hy en sy spanmaat het 'n bronsmedalje verower.

"Ek het nie gedink ons sou so goed vaar nie. Ons afrigters sê jy moet eers verloor voordat jy kan wen."

Hy sien uit na die volgende kompetisie in Oktober in Bloemfontein.

"Dit is darem nader as die Kaap, want, sjoe, die pad was baie lank," sê hy laggend.



Willene Wiid (12)